# HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

## PROSEDURES EN KRITERIUMS VIR DIE BEOORDELING VAN HOUTDRAAIWERK

## A. DOELSTELLINGS VAN DRAAIERSGROEP

Die doel van die Draaiersgroep is, net soos dié van die ander groepe in ons vereniging, die maak van aantreklike, goed ontwerpte items, wat van hoë vakmanskap en kunstigheid getuig.

Ons doelstellings is:

- Skep ‘n forum waar almal – beginners, intermediêr of gevorderd – kan tuis voel, mekaar kan ondersteun en van mekaar kan leer;
- Bevorder goeie vakmanskap deur gereelde besprekings en demonstrasies van gereedskap, materiaal en tegnieke;
- Bevorder die maak van aantreklike draaistukke deur gereelde besprekings van ontwerpsbeginsels en vorm;
- Skep ‘n omgewing waar lede teen mekaar en teen hulself kan meeding deur
    - Bespreking van draaistukke by maandvergaderings;
    - Uitstalling en beoordeling van stukke by formele kompetisies; en
- Skep ‘n omgewing waar lede erkenning kan kry vir toenemende vaardigheid en kundigheid deur na ‘n hoër kategorie te vorder.

## B. BEOORDELINGSPROSEDURE

1. Beoordeling sal in drie kategorieë gedoen word, nl. **Beginner**, **Intermediêr** en **Gevorderd**.

    1.1 Aanvanklik moet ‘n draaier self besluit in watter kategorie hy/sy wil deelneem.

    1.2 Al drie bg kategorieë sal volgens dieselfde standaarde en kriteriums beoordeel word.

    1.3 Afsnypunte vir sertifikate sal wees: Brons 50 – 59%, Silwer 60 – 79% en Goud 80 – 100%. Daar sal egter ‘n voorgeepunt van 10 en 5 respektiewelik aan Beginners en Intermediêr toegeken word. ‘n Beginner sal dus 40%, 50% en 70% respektiewelik vir ‘n brons, silwer en goud moet verdien. Dieselfde beginsel sal vir die intermediêre groep geld.

    1.4 Sodra ‘n deelnemer een goue sertifikaat in ‘n bepaalde kategorie behaal het, **moet** hy na die volgende kategorie aanskuif.

2. Twee beoordelingsessies word per jaar beoog: een aan die einde van die eerste kwartaal en ‘n tweede met die uitstalling later in die jaar.

    2.1 Slegs sertifikate word met die eerste kompetisie uitgeloof – geen trofeë nie.

    2.2 Met die jaarlike uitstalling word sertifikate, sowel as ‘n trofee vir die deelnemer met die hoogste puntetelling sonder inagneming van voorgeepunte, uitgeloof. Die eerste, tweede en derde posisies word met goud-, silwer- en bronsrosette aangedui.

3. Drie beoordelaars, en waar moontlik ‘n buitestaander wat geen bande met die vereniging het nie, sal die evaluering behartig.

4. Beoordelaars sal die punte onafhanklik van mekaar toeken, dit daarna bespreek en punte aanpas om eenstemmigheid te verseker en mekaar te modereer alvorens ‘n enkele finale punt toegeken word.

5. Slegs die **finale** puntetoekenning en beoordelaarskommentaar sal aan die uitstaller verskaf word.

6. ‘n Item mag slegs eenmalig vir beoordeling aangebied word. Die uitsondering is egter dat items wat goud verwerf het by die eerste sessie van die jaar weer gedurende die jaarlikse uitstalling ingeskryf mag word, om sodoende vir die Phil Irons- en Daan Badenhorst-trofeë in aanmerking te kan kom.

7. Aspekte wat hoofsaaklik verband hou met draaiwerk sal beoordeel word. Onverwante aspekte soos houtsneewerk en beeldhouwerk, as sulks, sal nie beoordeel word nie. Dekoratiewe elemente wat ‘n stuk verfraai sal wel in ag geneem word onder die kategorie Estetiese Voorkoms.

8. ‘n Sigblad (‘Spread sheet’) sal benut word vir rekordhouding en die berekening van alle punte.

9. Draaiers word aangemoedig om hul items van ‘n gepaste titel te voorsien indien hulle ‘n spesifieke idee wil oordra. Dit kan ‘n beoordelaar help om die doel met / betekenis van die ontwerp te verstaan. Hierdie titel, of die afwesigheid daarvan, sal egter nie in aanmerking geneem word by die beoordeling nie.

10. Die aanbring van die draaier se naam en ‘n datum op die voetstuk van die artikel is ‘n vereiste. Waar moontlik moet die naam van die houtsoort ook aangebring word, hoewel lg nie verpligtend is nie.

11. Beide funksionele en meer kunssinnige items sal volgens dieselfde kriteriums geëvalueer word, hoewel meer kunssinnige items moontlik meer punte sal verdien onder Estetiese Voorkoms, oorspronklikheid, moeilikheidsgraad, ens. Die doel en funksie van ‘n item sal by beoordeling in ag geneem word.

12. Gedurende beoordeling sal groot klem op OPBOUENDE, BEHULPSAME en AANMOEDIGENDE kommentaar, gebaseer op goeie ontwerp en vakmanskap, geplaas word.

13. Alle draaiers, van die mees gevorderde tot die leke-beginner, word aangemoedig om ten minste een item vir elke kompetisie in te skryf; om sodoende maksimum deelname en blootstelling te bewerkstellig.

14. Die maksimum aantal stukke wat ‘n draaier by beoordelingsessies mag inskryf sal elke keer vooraf bepaal word, afhangend van die totale aantal stukke wat die beoordelaars sal kan hanteer.

15. Waar moontlik sal van die stukke wat op gewone maandvergaderings uitgestal word, ook volgens een of meer van die beoordelingskriteriums bespreek word om lede sodoende meer vertroud te maak met die beoordelingsproses.

## C. BESKRYWING VAN BEOORDELINGSKRITERIUMS

1. Ten einde sake te vereenvoudig, sal slegs twee hoof-kategorië naamlik **Kunssinnige** en **Tegniese Vakmanskap** (Vaardighede) beoordeel word teen onderskeidelik 40% en 60% van die totale puntetelling soos op die telkaart aangedui.

2. Slegs een kriterium sal onder **Kunssinnige Vaardigheid** val, naamlik *Visuele Impak/Ontwerp* met ‘n faktor van 40%. Visuele Impak en Ontwerp word nie geskei nie omdat dit baie nou met mekaar in verband staan.

3. Innoverende elemente (iets anders/besonders) sal onder Kunssinnige Vaardigheid beoordeel word en bonuspunte sal vir nuwe en oorspronklike idees verdien kan word, tensy dit afbreek doen aan ‘n item en punte sodoende verloor mag word.

4. Tegniese Vaardighede sluit in die aspekte wat te make het met die werklike vervaardiging van die item, en vervat *Draaivakmanskap* teen 25%, *Afwerking* teen 20% en *Moeilikheidsgraad* teen 15%.

5. Afwerking word afsonderlik uitgelig en nie gesien as deel van Draaivakmanskap nie aangesien dit heel ander vaardighede verg as draaiwerk. Dit is ook dikwels ‘n baie verwaarloosde aspek by vele draaiers en regverdig afsonderlike beklemtoning. Goeie afwerking beteken nie noodwendig ‘n foutlose hoëglansoppervlak nie. Dit mag ook heel anders wees afhangend van wat die draaier beoog.

6. Moeilikheidsgraad word ook afsonderlik uitgelig aangesien dit aanduidend is van die kundigheid, sorg en voorafbeplanning wat nodig was.

[1]

[1] Prosedures en kriteriums vir beoordeling van draaiwerk - v2.6.docx – 7 Augustus 2012